

LES 2

Fokus: Luister, lees en vertel.

Nota: Bestaande kennis word uitgebrei, gevisualiseer en bespreek.

2.1 a) Luister na 'n voorlesing van die Flora-verhaal terwyl jy goed na die illustrasies kyk:

DIE PLESIER VAN PAPIER

'n Wêreld sonder papier?? Ondenikbaar!! Ten spyte van al die tegnologiese vordering kan 'n mens jou nie indink in 'n wêreld sonder papier nie. As ons nie papier, of dan wel iets soortgelyks ooit gehad het om op te skryf nie, was daar geen boeke, geen skole, geen wafferse geleerdheid, geen Bybels, geen ontwikkeling en stellig geen gevorderde beskawing nie. Die mens sou doodeenvoudig steeds in die Donker Eeue rondgeploeter het.



*Die woord **papier** kom van **papyrus**; skryfvelle gemaak van die papyrusplant waarvan die ou Egiptenare aanvanklik 'n oorfloed in die Nylvallei gehad het, maar wat later bra skaars geraak het.*



Hierdie biesie-agtige plant het lang stingels wat aan die buitekant groen en binne wit is.




Die groen buitekant word afgestroop en die binneste wit vesels in dun stroke gesny. Die stroke word daarop sy aan sy langs mekaar geplaas met die rande wat oorvleuel. Nog 'n laag stroke word dan dwars oor die eerste laag geplaas.



Die lae word so saamgepers of saamgehamer dat hulle uiteindelik met die plant se eie vog aanmekaar kleef.



Nadat die velle in die son gedroog is, kan daarop geskryf word.



(Met erkenning aan Jongspan, Huisgenoot 9 November 2000)

- b) Lees die vertelling eers saggies vir jouself, en daarna hardop voor 'n spieël (of hardop vir iemand wat graag wil luister).



2.2 Bespreek die volgende:

- a) * Wat het jy verstaan toe jy slegs die opskrif gehoor of gelees het? Kyk weer daarna en **vertel**.
- * Nadat jy die gedeelte van die verhaal gehoor en gelees het en na die illustrasies gekyk het: wat sê die opskrif nou vir jou? **Vertel** wat jy dink.
- b) Wat hoor jy wanneer jy die opskrif hardop sê? Sê dit 'n paar keer op verskillende maniere. **Vertel** wat jy hoor.

1. As jy gesê het jy hoor die woorde 'plesier' en 'papier' rym, is jy in die kol!
Dit word assonansie genoem.

ASSONANSIE

is die herhaling van vokale (klinkers) om 'n bepaalde stemming te skep.

Skryf jou eie voorbeeld van assonansie met die woorde muis, sluip, vuil en huis in een sin:


2. As jy gesê het jy hoor die woorde 'plesier' en 'papier' begin albei met 'n p en eindig albei met 'n r, is jy weer eens in die kol! Dit word alliterasie genoem.

ALLITERASIE

is die herhaling van dieselfde konsonant (medeklinker) twee of meer kere na mekaar aan die begin van woorde of in woorddele. Dit trek aandag.

Skryf jou eie voorbeeld van alliterasie met die woorde winterwind en waai in een sin:


- c) **Noem** sewe voordele van die uitvinding van papier.



- d) * Gebruik jou atlas of jou aardbol indien jy een het om aan te dui waar die Egiptenare woon en waar die Nylvallei is. **Vertel** wat jy vasgestel het.
- * Bestudeer die foto en beskryf wat jy sien. Wat dink jy is die groen gedeeltes aan weerskante van die rivier? **Vertel** hoekom jy so dink.



- e) 1. **Beskryf** in jou eie woorde en aan die hand van die illustrasies hoe die papyrusplant lyk. Het jy al so 'n tipe plant in jou omgewing raakgesien of dink jy die tipe plant kom net in Egipte voor? **Vertel**.
2. **Beskryf** in jou eie woorde hoe papier van die papyrusplant gemaak word aan die hand van die illustrasies hieronder. Gebruik die oop spasie om jou gedagtes kortliks neer te pen.



f) **Vertel** wat dink jy word met die volgende bedoel (gebruik jou woordeboek).

- * *is vandag ondenkbaar*
- * *iets soortgelyks gehad*
- * *geen wafferse geleerdheid*
- * *in die Donker Eeue rondgeploeter*
- * *die biesie-agtige plant*
- * *rande wat oorvleuel*

2.3 a) Lees nou die Flora-verhaal verder hardop vir jouself voor.


Waar kom ons regte, egte papier dan nou eintlik vandaan?


Volgens oorlewering is dit omstreeks 105 nC in China uitgevind deur ene Ts'ai Lin. Die bas van die moerbeiboom is met bamboesvesels, hennep en vlas gekombineer. Dié is tot 'n pulp verbrysel en met water gemeng. Die mengsel is daarna deur 'n laag saamgeweefde gesplete bamboesstroke gefiltreer. 'n Lagie vesels het bo-op gevorm – die eintlike papier – en dié is dan daar gelaat om droog te word.

Vandag word papier van hout gemaak en, ondanks die gesofisti-keerde prosesse wat betrokke is, is dit steeds weinig meer as saamgeperste hout-vesels. Dis selfs aan bome te danke dat jy nou hierdie boek van Toetentaal voor jou kan hou!

- b) 1. **Beskryf** in jou eie woorde in die vorm van 'n storie (wie, wat, waar, wanneer, hoe en hoekom) wat in die illustrasie op die volgende bladsy gebeur (jy woon daar).


Begin so: Een Maandagoggend, omtrent (hoe laat?), hoor ek ...





2. **Bespreek** die betekenis van die volgende (gebruik jou woordeboek as 'n hulpmiddel asook enige ander naslaanmetode):

- * *volgens oorlewering*
- * *105 nC*
- * *bamboesvesels, hennep en vlas*
- * *saamgeweefde, gesplete bamboesstroke*
- * *saamgeperste houtvesels*



2.4 Feitelike stelling: *Sonder Flora kan die meeste Fauna nie bestaan nie.*

- a) Bestudeer die inligting in die illustrasie op die volgende bladsy baie goed totdat jy seker is jy verstaan elke stukkie inligting daarin asook wat elkeen van die vyf seksies of lae beteken.
- b) Wanneer jy seker is dat jy al die lae van 'n reënwood vanaf die sonnige boomtoppe tot onder in die digte woudbodem kan beskryf, plaas jy die inligting in tabelvorm.

	FLORA	FAUNA
Laag 1		
Laag 2		
Laag 3		
Laag 4		
Laag 5		

- c) Gebruik nou jou tabel asook die illustrasie om die feitelike stelling aan jou gesinslede te verduidelik. Moontlik vertel jy hulle iets van reënwoode waarvan hulle nie geweet het nie!



Van bo na onder

Van die sonnige boomtoppe tot die digte woudbodem is daar 'n hele klomp lae in 'n reënwood.



1 Uitsteeklaag Die groot takke is soos sambrele en so hoog soos die boomtoppe – tot 60 meter bo die grond. Klein apies, skoenlappers en selfs arende woon daar.

2 Blaarbedekkingslaag Dié bome is baie digter teen mekaar en vorm 'n “plafon” wat die grond skadu gee en die reën opvang. Tot 70 persent van reënwoodlewe kom hier voor.

3 Ondervlaklaag Dié bedompige laag is halfpad teen die hoogste bome af en is waar die meeste van die koolstof gestoor word. Hier woon paddas, voëls, insekte en selfs luiperds.

4 Struiklaag Omtrent agt meter bo die grond is daar baie plante met medisinale voordele. Dit het hope vrugte en blomme en is perfek vir skoenlappers.

5 Woudbodem Hier is baie min sonlig. Daarom is dit die beste groeiplek vir swamme, mos en kruie. Kewers en amfibieë hou van die bedompigheid, maar moet vir roofdiere oppas!

(Met erkenning aan National Geographic Kids Uitgawe 100 Desember 2014)

